# Jongensfontein Natuurreserwaat



## Welkom by die vierde nuusbrief en die eerste uitgawe van 2025

In hierdie nuusbrief vertel ons meer oor die somervakansie en wat ons beplan vir 2025.

## Vakansiegangers het die stappaadjies behoorlik oopgestap

Sedert Desember 2024 dwarsdeur tot in Maart 2025, geniet Jongensfonteiners, vakansiegangers en besoekers die natuurreservaat en die stappaadjies word behoorlik verken.





## Die Woensdagoggend klub

Die jaar begin maar stadig omrede ons almal ‘n ruskansie benodig na die lekker vakansie. Daar is alreeds paadjies opgeknap en skoongemaak asook planne beraam vir 2025. Die toegangspad na die suidelike uitkykpunt is skoon gemaak sodat voertuie maklik daarheen kan ry. Besprekings is goed aan die gang om voëlskuilings langs beide kante (Wes en Oos) van die rioolplaas staan te maak. Hou sosiale media dop om waar te neem hoe dit moontlik daarna sal uitsien.

Ons het ‘n baie goeie aanbod vanaf Gouritz Cluster Biosphere Reserve (GCBR) ontvang om ‘n hommeltuigkaart van die reservaat op te teken. Hierdie sal baie behulpsaam wees om skoenlappers op te spoor, die botanie van die reservaat te bestudeer, en die rioolpyplyn te identifiseer en aan te teken.



Die publieke toiletgeriewe by die tennisbane is voltooi en in gebruik geneem, ons het ‘n waterpyp aangelê, en sal die sandarea begin natlei om daar ‘n lekker grasarea te vestig sodat besoekers aan die reservaat daar kan parkeer. Ons is tans nie besig om uitheemse plante uit te saag nie as gevolg van die redelike somerhitte en potensiële slanggevaar. Sodra daar koeler weer is, sal ons almal weer lekker inspring.

- Ralph Rudd, Natuurreservaat Projekbestuurder

## Summer flowers in the nature reserve








Photo 1: The **Maerman squill (Drimia capensis)** is a flowering plant native to the southwestern region of South Africa.


Photo 2: **Strand dottypea (Psoralea bracteolata); skaapbostee of swawelbos** (in Afrikaans) is ideal for rehabilitation of disturbed coastal sand in Fynbos.

Photo 3: **Christmas Berry (Chironia baccifera); bitterbossie, kersfeesbessie or aambeibessie** (in Afrikaans). *Aambeibessie* refers to its supposed medicinal use in treating haemorrhoids.

## Plante langs die see

Tydens die vakansie wou vakansiegangers ook die name weet van die plante wat ons gereeld langs die voetpaadjies teen die see sien. Hier is ‘n paar:









Foto 1: **Slymbos, Salad Twinleaf (Roepera morgsana)**, inheems aan die Kaapprovinsies en Namibië, met geel blomme wat tussen die blare groei.

Foto 2: **Kusmalva, coastal geranium (Pelargonium capitatum)**, ook bekend as die roos-gegeurde pelargonium.

Foto 3: **Seekoppiesgonna, Beach Gonna (Passerina rigida)**, 'seekoppies' verwys na die plant se habitat, sandduine, en 'gonna' na die taai bas.








Foto 4: **Duinekraaibessie, taaibos, dune crowberry (Searsia crenata)**, is 'n lid van die Anacardiaceae, die mangofamilie. Hierdie immergroen struik of boompie kan 'n hoogte van 3-5m bereik; en is sonder stekels.

Foto 5: **Witmelkhoutboom (Sideroxylon inerme)**, ‘n kusboom met digte blare, swart bessies en klein, vrugtige, groenerige blommetjies. Die boom se generiese naam beteken "Ysterhout" in Grieks, wat verwys na sy baie harde hout.

Foto 6: **Bietou, boetabessie, bosluisbessie, bokbessie, weskusbietou, skilpadkos (Osteospermum moniliferum)**. ’n Vinnig groeiende struik met heldergeel madeliefies in die herfs en winter gevolg deur eetbare bessies; 'n nuttige pionier, siftingsaanleg en gewild onder voëls en bye.

Vir meer inligting en fotos van die fynbos en bome in die Reservaat, besoek gerus die **Jongensfontein Nature Reserve project** op **iNaturalist** by https://www.inaturalist.org/projects/jongensfontein-nature-reserve


## Voëlkyk



Die **Gewone Nagreier (Black-Crowned Night Heron)** in die Natuurreservaat

Die **Bokmakierie** hou van ons tafel en bankies by die waterdamme

Die **Grasvoël (Cape Grassbird)** is in Februarie 2025 in die natuurreservaat gesien.

Om meer uit te vind oor die voëls wat in die Natuurreservaat sowel as langs die Jongensfontein kuslyn tot by Stilbaai asook tot by Blombos aan die anderkant voorkom, besoek gerus **GoBirding** by https://gobirding.birdlife.org.za/jongensfontein/

## Dan is daar ook die Rooibaadjie / Koppie Foam Grasshopper



Die **rooibaadjie sprinkaan** is in die natuurreservaat afgeneem. Interessant is dat die skuim wat hy produseer wanneer hy bedreig voel toksies is.

## Tot volgende keer

Vir algemene inligting oor die reservaat, kontak gerus per WhatsApp vir Ralph Rudd (0825735591), vir inligting oor die voëls vir Gerald Gaigher (0833063266), en flora vir Eduard Fourie (0822022408) en Johan van Rensburg (0825727994).

**Friends of Jongensfontein Nature Reserve op Facebook**

https://www.facebook.com/groups/1570815726807019

**Jongensfontein Nature Reserve op Instagram**

https://www.instagram.com/jongensfontein_nature_reserve/











